25 Januarie
Skrifgedeelte: Psalm 18:1-7(OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 18:1

Die Here het my lief

As die ellende en die beproewinge op ons toesak, is dit baie maklik om te vra: Het die HERE dan van my vergeet? Help dit nog om te bid? Die Skrif leer my tog dat ek die HERE moet aanroep in die dag van benoudheid en Hy sal my uitred!
Dit is presies wat Dawid ons in Psalm 18:1 leer. Hy kyk terug oor sy lewe en kry ’n totaal ander beeld. Hy noem hom “die kneg van die HERE”. ’n Kneg moes hom heeltemal onderwerp aan die wil van sy heer. Hierdie uitdrukking stel Dawid in ’n baie besondere verhouding tot God: Hier is ek en die almagtige God kan maar met my maak net wat Hy wil. As dit God se wil is dat ek moet swaar kry, weet ek dat Hy my vertrou. God weet wie Hy kan beproef en in watter mate kan Hy iemand kan beproef.
Ja, en as die swaarkry verby is, kan ek met groot vrymoedigheid terugkyk op die pad waarlangs God my gelei en verlos het. Dan eers sal ek kan sien dat God die hele pad met my was. Hoekom? Omdat Christus ook “die Kneg van die Here” was – soos ons in Jesaja 42 lees. Om dieselfde rede het Christus ons leer bid: ”Ons Vader wat in die hemel is ...” Ons kan “Vader” sê, want ons is waarlik kind van God. As ons aardse vaders hartlik kan liefhê, hoeveel te meer ons hemelse Vader! Dit dra ons deur alle swaarkry heen.
Sing: Psalm 18:3 Ds Andries H Mulder (emeritus)